*vanaf bladsy 5*

MANIE IS GEVRA...

Wat bewonder sy in jou?

(Ek het haar net jammer gekry toe trou ek maar met haar!).... Nee, ek dink dis my rustigheid en kalmte in my persoonlikheid.

Wat is Pikkie se gunsteling eetdingetjie?

Yoghurt.

En beste vakansieplek?

Die Kaap en omgewing en die Weskus.

Wat is haar gunsteling tydverdryf?

TV kyk en lees.

PIKKIE IS GEVRA...

Wat bewonder sy in jou?

Umm, dat hy altyd dieselfde is - nie elke dag iemand anders nie.

Wat is jou gunsteling eetdingetjie?

Sjokolade.

En beste vakansieplek?

Montagu, Kaap.

Wat is jou gunsteling tydverdryf?

Lees.

### *Facts about our own Bikers' Bible*

- *New International Version;*
- *New Testament, Psalms and Proverbs;*
- *Testimonies of CMA members across the country, full colour pictures and high quality printing;*
- *What CMA is about and relevant info;*
- *To obtain a Bible at the price of N$ 25, contact Peter Dickman at tel 218073.*


Christian Motorcyclists Association Newsletter

**PRINTING SPONSORED BY:**
CAPITAL PRESS, WINDHOEK, NAMIBIA

**EDITING, LAYOUT AND DESIGN:**
GERTY BASSON, CELL: 081 124 9872
SEND CONTRIBUTIONS TO: P O BOX 98088, WINDHOEK


# Lofdal besoek uniek

Pastoor Willem van Lofdal Gemeente in Usakos het onlangs 'n brief aan die Republikein geskryf waarin hy die publiek meegedeel het van sy gemeente se projek om Jesus van die Bybel aan hul omgewing bekend te stel.

"Ons het besef dat Hy nog steeds 'n werklikheid vir vandag is en net so relevant as toe hy in liggaam op die aarde gewandel het." het Pastoor Willem bevestig.

Dit was werklik 'n voorreg vir CMA Namibië om daarom ook besoek te kon aflê by hierdie gemeente wat God werklik aanroep in dit wat hulle beplan.

Die uitstappie het 'n besoek aan die kerk ingesluit waartydens Peter Dickman die inspirerende boodskap gebring het, waarna die motorfietsryers vanaf Walvisbaai en Windhoek almal heerlik saam gekuier het.




# Christian Motorcyclists Association

Quarterly newsletter of CMA Namibia June 02

Number 7


## *Hope for the Highway*

## CMA Bibles launched in Windhoek




The launch of the CMA Bible, Hope for the Highway, recently organised by the Namibian Bible Society and members of CMA Namibia, was hosted at the prestige Windhoek Country Club Resort.

Barnie van der Walt, CEO of the Namibian Bible Society was instrumental in the launch, which was also attended by Marieta Grobler, chairperson of the National Board of the Bible Society.

The presentation kicked off with the stage filled in a white cloud of smoke and special effect lighting and the revving of a motorcycle, whereafter René stressed that "Jesus will not fail you" and added that the "Hope for the Highway" Bible carries the same message, only in a different "package" - aimed at motorbikers.

Fergus Montgomery of the United Bible Society congratulated Barnie van der Walt on this achievement, whereafter Mr Van der Walt presented the Bible to Peter Dickman.

*(See photos inside).*

### WHAT IS CMA?

CMA is a non-profit interdenominational Christian organisation, dedicated to reach people for Christ in the highways and byways through motorcycling. Since its beginning in the early 1970's, CMA now has over 60, 000 members and over 500 chapters in the United States, Canada, South Africa and other countries around the world. The Namibian chapter was founded in 1997.

### WHAT IS THE PURPOSE OF CMA?

CMA is not a club, but a ministry. We are involved in motorcycling events all across the country and in taking the Gospel of Jesus Christ into all of Namibia.
We do this through various outreaches, eg visiting prisons, hospitals, schools, and through ministering to other bikers.

### CMA RALLIES

CMA also has national and regional rallies. These rallies are times of fellowship, praise and worship, fun bike games, and encouragement. You will also hear challenging messages, eg from various ministers and speakers.

Write to us at P O Box 98088, Windhoek, Namibia or dial +264-61-244133 or 218073 or 223867

# Peter sê sy sê



Wees gegroet in die naam van onse Here Jesus Christus.

'n Halwe jaar is verby (dis die slegte nuus!) Maar die goeie nuus is dat daar nog 'n halwe een oorbly waarin ons 'n klomp goeie dinge vir Jesus kan doen. Die vraag is egter: is ons bereid en toegerus daarvoor?

Ek persoonlik dink dat elkeen van ons wat hier lees ons die vraag kan afvra: brand my lig vir almal om te sien dat dit 'n Jesus-lig is wat brand, al probeer die vyand dit soms afskakel? Die antwoord moet wees dat Satan dit nie afgeskakel sal kry nie omdat hy nie weet waar die "skakelaar" sit nie - want hy was nog nooit so tuis gewees nie - hy (die vyand) was nog nooit welkom hier nie!

Dit wys jou dat Satan sukkel om in ons lewe sy wil te kry - ons dank Jesus daarvoor as ons dit met eerlikheid kan sê!

"Hey Dude!" hoor ek iemand skreeu. "Hoe gemaak as my koker nie pyle in het nie - wat maak ek?" My antwoord kan net wees: bid en soek die aangesig van die Here vir wysheid, krag, insig en nuwe planne.

Moet net nie toegee aan dit wat jou lig kan verflou of toelaat dat die vyand jou "skakelaar" vind nie! As ons dit weerstaan is die beloning groot.

"Groot? Wat is groot?" mag jy vra.

Die lewe in oorvloed!! (Joh 10:10).

Ek wonder hoeveel keer was Moses se koker nie ook maar leeg nie. Maar, soos ons vandag nog, kon hy dit net op een plek volmaak en dit was in die teenwoordigheid van God. Dit was net God se wysheid, krag, insig en nuwe planne wat die Israeliete na die beloofde land toe gelei het.

Ons moet dit gehoorsaam en in Sy teenwoordigheid bly.

Kom ons bid die gebed saam: "Here, baie dankie dat u na ons luister en ons toelaat om in U teenwoordigheid te staan. Hou ons asseblief aan U sy. Amen."

"Keep Riding for the Son".

**PETER DICKMAN**

**PRESIDENT: CMA NAMIBIA**



*René Changuion hands over the Bible to Barnie vd Walt (F/page)*



# Fokus op Bybel-loodsing - Hope for the Highway

Sien volledige berig op bl 1



*'n Hele paar blink motorfietse het deel uitgemaak van die tentoonstelling. (Tydens die 2001 National Rally het Peter en Maggie Dickman sowel as Carl en Tracy Roberts erkenning ontvang vir hul insameling van R 10, 000 plus vir hierdie belangrike Bybel-projek. - Red)*




*Peter Dickman bedank almal wat deelgeneem het aan die Bybel-fondsinsamelingsprojek, in samewerking met die Bybelgenootskap van Namibië.*



*Die CMA Namibië stalletjie het die aktiwiteite, "runs" en "rallies" van hierdie groep op interessante wyse uitgebeeld.*

*Johan Burger het die verrigtinge gelei as seremoniemeester*

**Howzit!**
**Moenie vergeet van ons President's Run op 22 en 23 Junie nie - enigiemand is welkom! Skakel vir Maggie Dickman by 223867 vir verdere besonderhede oor die naweek propvol pret!**



BIBLE SCRIPTURE OF THE MONTH:
John 10:10

# How did it all start?

## Beginnings

When Herb Shreve began riding a motorcycle in the early seventies to reach out to his son and restore their relationship through a common interest (motorbikes), no one could have realised what God had in mind.

As Herb began riding, a common bridge was built in the family relationship. Quickly, he began to see that the motorcycle introduced him to the multitudes who were not coming to the church he pastored.

He formed the Christian Motorcyclists Association which would serve as a non-profit organisation offering a way for others to financially support his outreach. His concept of the ministry was simple - one man on his bike taking the good news of eternal life to anyone who would listen.

God's favour was on the ministry and soon ten, fifty, one hundred, then one thousand people wanted to be a part of this organisation. Within a few years the United States was divided into five regions with five regional evangelists being placed to oversee both the evangelistic outreach and the new chapters that were beginning to spring up everywhere.

CMA has become a key voice for evangelism and has united the body of Christ by encouraging its members to set aside doctrinal differences and focus on the message of salvation through Jesus Christ.

## A Step Of Integrity

CMA has financed the ministry by handling its financial affairs with the highest of integrity. Offerings are not taken at rallies or motorcycle events. CMA members are not bombarded by financial appeal letters. The ministry simply states the vision and the Lord provides as the membership obeys His leading.

In 1988, the first Run For The Son was held in which CMA members all across the country collected sponsors to support them on a 100 mile run with the proceeds going towards CMA's work in the U.S., motorcycles to native pastors around the world and Bibles to believers in restricted access countries. Since that time, millions have been invested in the Lord's work around the world.

The CMA International Coalition has been formed to unite the Christian motorcyclists around the world and enhance the worldwide vision with training, prayer, and communication.

CMA's message and vision for the future have not changed. We will go forward into the highways and byways as a collective group of individuals on our motorcycles to where the lost and lonely are and tell them about Jesus!

*(courtesy CMA Canada website)*



# National Rally weereens 'n treffer in Hartenbos

*deur Maggie Dickman*

"Die *National* het soos al die voriges alreeds douvoordag begin. Almal was moeg en vaak aangesien daar die vorige paar dae teen 'n hoogs- versnelde tempo gewerk moes word om alles betyds klaar te kry.

Die stemmigheid is op Mariental verbreek nadat ons by die res van ons geselskap aangesluit het: *Die Bassons en hul gaste*. Te danke aan hul ruimhartigheid kon ons deel aan die toebroodjies, maar ongelukkig moes ons hulle weer agterlaat aangesien ons graag vinnig by ons bestemming wou uitkom - hùlle was voorwaar in 'n vakansieluim!

Na 'n aand se rus en heerlike ete op Clanwilliam het ons weggespring vir die laaste skof Hartenbos toe. Daar het ons weer ou bande opgetel met Carl, Tracy en Charmain: dit voel of hulle nooit weg was nie! (Carl en Tracy immigreer binnekort Australië toe en Charmain sit tans haar bybelstudies voort in Kaapstad).

Wanneer jy die aand gaan slaap met die geluid van die see in jou ore, in die oggend opstaan met die gedreun van motorfietse, of weer almal ontmoet met wie oor die jare sulke goeie vriendskappe gevorm is; dan voel jy sommer tuis: hierdie jaarlikse "rally" is voorwaar 'n hoogtepunt!



*Vlnr: Martin, Joggie, Brand en Armand waardeer die uitsig by Hartenbos*

Met 'n goed gebalanseerde program was daar deurgaans nie tyd om verveeld te raak nie. Elke aand se byeenkoms was soos altyd die spil waarom alles gedraai het met 'n **baie lewende lofprysing en aanbidding** wat almal in die regte stemming vir woordbediening gebring het. Hierdie jaar het die boodskap van die verhoging van standaarde dmv visie, missie, doel en plan baie duidelik deurgekom.

'n Hoogtepunt was weereens die trekking van die motorfietse wat deel van die pryse uitgemaak het. Met groot dankbaarheid kan ons getuig dat, soos daar gebid was, mense met behoefte die pryse op die ou end gewen het.

*(Kontak Maggie by 223867 vir verdere inligting en oor die 2003 National Rally.)*

***NOGMAALS DANKIE AAN FRANK EN LINDA VAN ZYL - ENGEN HOCHLAND VIR HUL BORGSKAP!***

# Namibiese Motorfietsryers help seuntjie

"Gerhardus het alreeds gewig opgetel en vorder mooi." was die kommentaar van Marius van Zyl, (Gerhardus se Pa) na 'n maand verloop het sedert die seuntjie se operasie. Meneer van Zyl verduidelik dat die operasie 'n derm-probleem uitgewys het as die oorsaak vir die mediese probleem.

## Fondsinsameling

Na aanleiding van 'n berig in die Republikein in April vanjaar het sakemanne in samewerking met CMA en Live to Ride gereaggeer op die noodkreet van die vyfjarige Gerhardus.

Gerhardus ly aan 'n seldsame genetiese afwyking wat veroorsaak dat hy vir dae nie kan eet nie en dit het tot gevolg gehad dat hy sedert 'n operasie toe hy twee jaar oud was, swak ontwikkel het.

Gerhardus kon slegs 2 woorde praat, dra nog doeke en het slegs 11 kg geweeg toe met die fondsinsameling, geïnisieer deur Pieter Grobler van Live to Ride, begin is.

Verskeie sakemanne het fondse bewillig vir die operasie en die amptelike geldinsamelingsveldtog is op Saterdag 20 April voorafgegaan deur 'n massarit motorfietsryers.

Vandaar is daar daar by Maeruapark per voet nog fondse ingesamel vir Gerhardus se operasie.

Volgens meneer Retief van die Michelle McLean Kinderfonds is alle gelde aangewend vir Gerhardus se mediese onkostes.

## Bedanking

**Baie dankie aan al die individue, besighede en instansies wat gelde bewillig het vir die operasie van klein Gerhardus van Zyl. Dit word raakgesien en baie waardeer. (Lees volledige berig bo.) - Red.**

## Opkomende runs/rallies

*(Belangstellendes welkom!)*

| | |
|---|---|
| 22 en 23 Junie | President's Run, Gobabis<br>CMA/Live to Ride |
| 20 en 21 Julie | Otjiwarongo "Down-Down"<br>CMA/Live to Ride |
| 27 Julie | Ouetehuis Fondsinsameling<br>CMA/Live to Ride |
| 3 Augustus | Basaar - Huis Sonder Sorge<br>CMA |
| 4 Augustus | Kerkdiens - AGS, Okahandja<br>CMA |



# Ken jy jou maat?

Hulle sê mos lang-getroudes ken mekaar so goed - hulle LYK al na mekaar.Wel, ek sou nou nie sê Manie kan ooit soos Pikkie lyk nie - maar of hulle mekaar goed genoeg ken?

Ons het hulle bietjie uitgevra - kyk en besluit jy self of hulle mekaar goed ken! Pikkie en Manie, CMA lede, is 25 jaar getroud en het 3 seuns bo 16 jaar.

### MANIE IS GEVRA...

<u>Wat is julle troudatum?</u>

("Manus, wanneer is ons getroud?) 24 April 1976.

<u>Onthou jy altyd die huweliksherdenkings?</u>

Nee - darem.

<u>Hoe gereeld bederf jy vir Pikkie en glo jy aan geskenkies aandra, ens?</u>

Nee, ek glo nie daaraan nie - net wanneer sy verjaar.

<u>Wie van julle twee is die spandabelrigste?</u>

Definitief Pikkie.

<u>Sal Pikkie maklik vergeet en vergeef na 'n onderonsie, bv met jou?</u>

Ja, sy sal, ja.

<u>Meer ernstig - wat stel haar teleur in Christene?</u>

Ek sou sê dis valsheid - as mense nie eerlik is nie, nie in hulle Christenskap volhard nie. Byvoorbeeld as hulle nie in bidure volhard nie. Opregtheid is belangrik vir haar.

### PIKKIE IS GEVRA...

<u>Wat is julle troudatum?</u>

24 April 1975 - nee,ek jok 1976!

<u>Onthou Manie altyd die huweliksherdenkings?</u>

Ja.

<u>Hoe gereeld bederf hy vir jou en glo hy aan geskenkies aandra, ens?</u>

Nee, glad nie.

<u>Wie van julle twee is die spandabelrigste?</u>

Seker maar ek.

<u>Sal jy maklik vergeet en vergeef na 'n onderonsie, bv met Manie?</u>

Ja.

<u>Meer ernstig - wat stel jou teleur in Christene?</u>

As mense iets voorgee wat hulle nie is nie. As hulle sê hulle is Christene maar hulle doen dit nie, maw hulle jok.

*na bladsy 8*